

OLD MUTUAL SUPERFUND

OPVOEDKUNDIGE NUUSFLITS VIR LEDE – UITGAWE 3

WAT IS DIE GEVOLGE AS JY JOU AFTREESPAARGELD IN KONTANT NEEM?

Ons verander sowat sewe keer gedurende ons leeftyd van werk en 95 persent van ons het nie genoeg geld gespaar wanneer ons aftree nie. Die hoofrede is dat baie van ons ons aftreespaargeld neem wanneer ons van werk verander en bestee eerder as om dit te hou.

Elke keer wat ons van ons aftreespaargeld neem, knou ons ons kanse op finansiële vryheid in die toekoms. Finansiële vryheid is wanneer die geld wat ons gedurende ons werkslewe belê het, genoeg is om ons vir die res van ons lewens 'n inkomste te gee. Ons spaarpoging vir aftrede is die belangrikste element van finansiële vryheid, want hierdie geld – gespaar vir aftrede – is waarskynlik die grootste belegging wat ons ooit sal maak; en die een wat die langste neem om op te bou.

Die onttrekking van jou aftreespaargeld het ernstige gevolge – en jy moet weet wat dit is.

DIT KOS JOU MEER AS WAT JY BESEF

Kom ons sê jy begin 30 jaar voor jou aftrede spaar, maar onttrek alles ná die eerste 10 jaar. Dan begin jy weer spaar om die gespaarde bedrag teen aftrede tot dieselfde vlak op te bou wat dit sonder die onttrekking sou gewees het. Om dit reg te kry, sal jy drie keer soveel per maand moet spaar. As jy dit ná 20 jaar onttrek en weer begin spaar, sal jy tien keer meer per maand moet wegsit om jou teiken te haal.

Van die geld wat jy onttrek, sal ook na die belastingaarder gaan in plaas daarvan om in jou aftreefonds te bly en dit

te help groei. Hoe meer geld jy in die fonds los, hoe vinniger vermeerder dit.

JOU LEWENSKOSTE

As jy geld uit jou aftreefonds neem om skuld af te betaal, bemoeilik jy dinge vir jouself op lang termyn. As jy te veel skuld het, beteken dit jy bestee reeds meer as wat jy verdien. **Om jou aftreespaargeld te onttrek, beteken dat jy dalk geen inkomste gaan hê wanneer jy aftree nie.** As jy nie nou jou leefstyl kan bekostig terwyl jy 'n salaris verdien nie, sal jy dit beslis nie kan bekostig wanneer jy aftree nie. Jy moet nou die stang vasbyt. Bestee minder en betaal jou skuld af met die inkomste wat jy oor het nadat jy jou spaarbydrae weggesit het. Dit is al manier om seker te maak jy kom êrens in die toekoms by finansiële vryheid uit.

Dit spreek vanself dat om jou aftreespaargeld te trek nie die eerste ding moet wees wat jy doen as jy jou werk los nie. Dit moet inderwaarheid die allerlaaste uitweg wees.

Kliek hier vir 'n voorbeeld van wat kan gebeur as jy jou aftreespaargeld voor aftrede onttrek.



KIES ALTYD OM TE BEWAAR

Dit is nogal 'n tamelletjie om die regte besluite te neem as jy voor jou aftrede bedank, afgelê of ontslaan word. Jy moet besluit wat om met die aftreespaargeld uit jou aftreefonds te doen – en jou mikpunt moet wees om die geld weer te belê.

TWEE BASIESE KEUSES

OORPLASING NA 'N GOEDGEKEURDE AFTREEFONDS

Jy kan jou aftreevoordele herbelê deur alles **belastingvry** na 'n ander goedgekeurde aftreefonds oor te plaas, soos:

1. 'n Bewaringsfonds
2. 'n Aftree-annuïteitsfonds
3. Jou nuwe werkgewer se fonds

OF

NEEM 'N ENKELBEDRAG IN KONTANT

Jy kan kies om die hele onttrekkingsvoordeel as 'n **belasbare** kontant-enkelbedrag te neem. Dink mooi voordat jy hierdie opsie kies, want dit kan jou kanse ernstig knou om gemaklik te kan aftree. Waarom? Eerstens is die hele enkelbedrag belasbaar. Tweedens sal jy in die versoeking kom om wat oor is nadat belasting afgetrek is, te bestee eerder as om dit weer vir jou aftrede te belê. As jy dus hierdie roete kies, is jou beste uitweg om jou voordeel te herbelê sodat die geld wat jy vir jou aftrede gespaar het, bewaar bly.

Jy kan óf 'n finansiële adviseur vra om jou te help besluit wat om met jou voordeel te doen, óf jy kan self besluit en regstreeks belê om jou aftreespaargeld te bewaar.

GOEIE NUUS!

As 'n lid van Old Mutual se SuperFund-aftreefonds, het jy toegang tot Old Mutual SuperFund Preserver. Hierdie bewaringsfonds is 'n maklike en moeitvrye manier om te herbelê wanneer jy van werk verander, bedank, afgelê of afgedank word. Sodra jy 'n lid van Old Mutual SuperFund Preserver is, bly jou aftreespaargeld onaangeraak en kan jy steeds al die voordele geniet wat Old Mutual SuperFund Preserver bied.

Vir meer inligting, kliek hier.

